

STROOM-OP



AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
VIERDE KWARTAAL 1989



Affies-tennis bo!!

— H Stander

Vandat die Administrateursbeker sy oorsprong in 1972 gekry het, het Affies hom in 1973, 1974, 1975, 1977, 1981 gewen.

In 1982 word die trofee deur die Direkteurstrofee vervang en verower Affies die trofee van 1982-1986, 1988 en 1989. 1987 was die enigste jaar wat Affies nie die Direkteurstrofee gewen het nie.

Maar in 1967, voordat daar nog sprake van enige van die twee trofeeë was, het AHS ook reeds die SA-skole titel gewen.


Hyperama Tennis

Affies se eerste tennisspan is 'n span wat baie moeilik geklop word. Dit is bewys toe Johan de Beer, Anton Louw, Heinrich Dannhauser en Gareth Williams aan die Hyperama Tenniskampioenskappe deelgeneem het.

Dié toernooi het op die Ellispark stadion in Johannesburg plaasgevind. Die seuns het in 'n finaal rondtombaliebasis teen drie verskillende skole uit die ander provinsies gespeel.

Affies wen Selborne Kollege, van die Oos-Kaap, 4-0. Hulle wen Westville van Natal 3-1. In die finaal teen Grey Kollege van die Oranje Vrystaat, verloor die seuns egter. Dit was 'n titaniëse stryd teen die Vrystaters. Grey Kollege wen met 85 spelle teen Affies se 83 spelle.

Die seuns gedra hulle te alle tye puik en speel aanskoulike tennis uit die boonste rakke.



Die wenspan saam met mnr H van Huysteen en mnr TLP Kruger.

(Foto: G v Rensburg)

Die Direkteurstrofee

Die Direkteurstrofee is hierdie jaar vir die sewende keer in agt jaar deur Affies verower.

In die kwarteind speel die seuns teen Sasolburg Hoër en wen 6-0. In die halfeind wen Affies teen Potchefstroom Gimnasium 6-0. In die finaal het Affies afgereken met Birchleigh High, met 'n eindtelling van 6-0.

Die seuns was onstuimig, en verdien om die beste tennisskool in Transvaal te wees.

Affies is weer die trotse besitters van die Direkteurstrofee.

Standerbank toernooi

Nico van der Walt en Heleni van Deventer, van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, het Affies in die dubbelspel rondtombaliebasis verteenwoordig.

Hulle was die winners van Groep A, en het deurgedring na die halfeind teen Hoërskool Die Wilgers. Affies wen, en dring deur na die finaal teen Menlopark. Die twee Affies het die Menloparkers op hulle plek gesit en wen 7-2.

Affies is baie trots op hulle tennisspelers, en wens hulle geluk met hulle prestasies.

Halleluja ...

... harmonie van klank vul elke gedagte. Sopraan en alt loof en prys "U grote naam". Die "wonder van die stad Bethlehem" word die Affie-poorte deur klank; melodie en kranige koorsang binnegedra.

10:30 tot 12:00, Vrydag 27 Oktober, was 'n uur en 'n half wat nog menige Affie-hart tot inspirasie sal dien! Ds Bezuidenhout, Anneri se pa, se blywende boodskap het diep getref en tot nadenke gestem. Sy vier riglyne is vir die matrieks 'n maatstaf waarmee hulle hul lewenspad vorentoe kan uitwerk.


Mev Elmi Kruger, alias moeder-kerkafsluiting, en mej Bezuidenhout het deur hul leiding (en man (-of vrou) moedige lyding) 'n spel van stem en sang gesinkroniseer.

Kerkafsluiting '89 word gekenmerk deur lof, lied en dank, sakdoeke en

hartseer-matrieks ... "Ere aan God" vir 'n wonderlike jaar 1989 en 'n besondere kerkafsluiting!

"Halleluja ... A..a..men!"

— Anna-Lynne Marais



AHS Hoof presteer

Mnr Tjaart Kruger, hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool, is sedert sy aanstelling as hoof in 1985 baie aktief betrokke by Noord-Transvaal Skole-rugby.

Die besondere eer het mnr Kruger te beurt geval om vir die derde jaar as voorsitter van die Noord-Transvaal Provinsiale Hoërskole Rugbyvereniging en as sameroeper van dié liggaam se keurkomitee gekies te word. Die funksie van hierdie organisasie is om skole-rugby in Noord-Transvaal te beheer en om 'n span te kies wat die provinsie onder andere op die Cravenweek verteenwoordig.

As 'n mens in ag neem dat hierdie streek uit 38 provinsiale hoërskole met 409 spanne bestaan, waaraan sowat 6 200 spelers deelneem, blyk dit duidelik watter moeilike taak op die skouers

hy in meer as 50 wedstryde vir die Oos-Transvaalse span uitgedraf en die span ook by verskeie geleenthede aangevoer.

Affies is met reg trots op die besondere prestasies van sy baie bekwame hoof wat nie net 'n rugbyman is nie, maar 'n gebalanseerde mens. Mnr Kruger het ook 'n jaarlikse kultuuraand ingestel waar omliggende skole saam 'n koor- en orkesuitvoering lewer. Sy spesiale uitkyk op die akademiese belang van die skool, word duidelik gesien in die hoë vlak wat deur die skool gehandhaaf word. Sy direkte betrokkenheid word op al die terreine van die skoolbedrywighede ervaar en waardeur. Hy en sy vrou is werklik ouers vir die seuns en hul meelewing is prysenswaardig.



van hierdie baie bekwame man rus. Gedurende die afgelope twee Cravenweekbyeenkomste het die Noord-Transvaalspan slegs een enkele wedstryd verloor. Hieruit blyk duidelik dat die kies van die span baie effektief is en dat die groep manne hul rugby ken.

Mnr Kruger het self ook aktief rugby gespeel. Vanaf 1963 tot 1972 het

Romeinse ete bring klassieke na vore



In Affies is daar nog 'n tikkie van die ou klassieke kultuur te vinde. Die Affies vermoderneer slegs ou kultuur en maak dit klassiek in 'n nuwe tydvak.

Elke jaar word 'n Romeinse ete deur die stander nege Latynleerlinge aan alle klassieke Affies gebied.

Op hierdie ete word op eg-Romeinse wyse fees gevier. Die "Romeine" geniet 'n heerlike aandinee in hulle beste uitgaantog (gewoonlik die spaarkamer se nuwe beddegoed).

Gedurende hierdie viergangmaaltyd word gratis vermaak deur die stander nege Latynleerlinge verskaf. Dit kan

enigiets wees van musiekblyspele, tonele of modeparades tot Romeinse troues. Hoë standarde moet gehandhaaf word aangesien die "laaggeplaasde" gaste net die beste verwag.

Na afloop van die ete word die kultuur behoorlik warm gedans op maat van die nuutste Griekse treffermusik. (Sommige van dié jaar se gaste het

as gevolg van intense meelewing met 'n geskeurde ligment opgeëindig — arme Mindie!)

So 'n "formele" Romeinse dinee is genoeg om die klassieke sy van elke Affie na vore te draai en daar te hou tot die volgende Romeinse ete —daarin lê ons klassieke geheim.

Vale.
— Rachel Kruger

AHMP-Prefekte 1990

Kato Odendaal (Hoofprefek), Rachel Kruger (Onderhoofprefek), Susan Kruger (Onderhoofprefek), Philippa Barnard, Anneke Burger, Frances Burger, Suzanne Cronje, Lise de Kock, Cornelia de la Rey, Renzo Fourie, Marissa Goss, Antoinette Labuschagne, Magriet Louw, Corné Maré, Marinda Otto, Lizelle Poolman, Amanda Praekelt, Mindie Rischmüller, Anja Riekert, Michéle Roos, Louise Taljaard, Ilana van den Berg, Helen van den Broeck, Adri van den Heever en Marquerite Winter.

1920 — 1990: 70 jaar

— Abri Venter —

Die oudste Afrikaanse Hoërskool in die hoofstad vier in 1990 sy sewentigste bestaansjaar. Om hierdie geskiedkundige gebeurtenis te gedenk, word 'n hele aantal feesvierings beplan. Van die belangrikstes is die volgende:

1. 26 Januarie 1990: 'n Gesamentlike byeenkoms van AHS en AHM wat deur oud-leerlinge uit die twintigerjare bygewoon sal word.
2. 28 Januarie 1990: 'n erediens in die Pretoria-Oos NG Kerk vir alle leerlinge, oud-leerlinge en personeel van die twee skole.
3. 2 Februarie 1990: 'n Dinee in die UP Sport-sentrum vir alle oud-leerlinge en personeel.
4. Maart 1990: 'n Gimnastiekvertoning deur

leerlinge van AHS, asook 'n rugbydag waar die eerste spanne van die oudste hoërskole in Transvaal in aksie sal wees.

5. September 1990: 'n straatkermis en reunie, asook 'n gemaskerde bal vir die matriekleerlinge.

Ter viering van Affies se sewentigste verjaarsdag, gaan spesiale aandenkings soos 'n spesiale Affie T-hemp, das en trui ook verkoop word.

Mediasentrum

Dit was met vreugde dat ons na 'n jaar se opknapping aan ons mediasentrum weer kon terugtrek na 'n splinternuwe en byderwetse sentrum.

Die mediasentrum se vloeroppervlakte en rakruimte is aansienlik vergroot met die insluiting van die ou galery en die aanbou van 'n nuwe onderrig/audiod-visuele lokaal het behoue gebly dus kan die groepe leerlinge nou gelyktydig van die fasiliteite van die mediasentrum gebruik maak.


In die vergrote mediasentrum sal ons eersdaags studiehokkies met kragpunte en 'n aparte afdeling vir die vervaardiging van programmatuur inrig. Daar is ook nou meer spasie vir die huisvesting van ons snelgroeiende programmatuur-, onderwysnaslaan-, boeke- of tydskrifversameling.

Ons het die afgelope jaar 'n groot aantal nuwe boeke ontvang. Die bestaande voorraad is vakliteratuur 8 850, verhale 4 461 en vreemde tale 1 487. Ons ontvang 55 verskillende tydskrifte wat 'n wye verskeidenheid van onderwerpe dek.

Die nuwe fotokopiermasjien met sy verklein en vergrootfasiliteite leen hom uitstekend tot die vervaardiging van transparante. Die nuwe kameerastel kan met groot sukses gebruik word vir die vervaardiging van skyfie-reekse. Met ons televisiestel kan ons televisieprogramme opneem en redigeer.

Die personeel van die mediasentrum, mediasentrumleiers en -prefekte en die tegniese span sien uit daarna om julle volgende jaar terug te verwelkom in die mediasentrum. Onthou ons is daar om julle te help om inligting op te spoor, te wys om apparaat te gebruik en programmatuur te vervaardig.

"Reading is to the mind what exercise is to the body!" — Sir Richard Steele (1672-1729)



Prestasiebekroning 1989

— D van Rensburg

24 Oktober 1989 — Soos die gasspreekster, prof Elize Botha tereg opgemerk het: " 'n Besondere datum op die kalender van die Afrikaanse Hoër Meisieskool.

Op dié spoggeleentheid word meisies bekroon wat regdeur die jaar die beste op 'n vakgebied presteer het, asook prestasies op kulturele gebied en medaljes op die finale rondte van GEC-Expo word erken.

Na 'n gepaste opening deur prof. Elize Botha is ongeveer 89 boekpryse toegeken asook 17 spesiale pryse waar onder andere die senior Duxleerling (Franél le Grange) aangewys is.

'n Jarelange tradisie is

ook weer tot vervulling gebring met die aanwysing van dié dogter wie se suiwerheid van lewenswandel deur haar hele skoolloopbaan beïndruk het — die onbekende Affie. Die gesogte toekenning kom hierdie jaar Riana Alberts toe.

Die hoogtepunt van die aand — inhuldiging van die prefekte 1990 met Kato Odendaal bygestaan deur Susan en Rachel Kruger aan die hoof van die skool en Adri van den Heever; Thea van der Merwe en Marisa Goss sal die koshuis se hoofleiers wees.

Namens die redaksie aan elkeen van dié Affies: "Baie geluk. Tussen alle op-en-afwaartse is julle tog voorwaarts en sien ons julle weer eens wen!"

Verkiesingsgees loop hoog in Affies ...

Toestande in Affies het sodanig verander van die stil, rustige toestand van vroeër dat die st 9's besluit het om in te gryp en tot drastiese stappe oor te gaan. 'n Verkiesing is uitgeroep vir 6 September 1989 en ses partye het ontstaan.

Die partye was onder beheer van die st 9-parlement. Hulle was die Nuwe Affie Party (NHP), die Ware Affie Party (WAP), die Alternatiewe Party (AP), die Verenigde Party (VP), die Generasie vir Regte Affies Party (GRAP), en die SMARTIE-party.

Verkiesingsplakkate het die eens vaal Affieland opgevul. Plakkate met slagspreuke soos "NAP in traksie, WAP satisfaksie ...", "Die

WAP-NAP-GRAP ... Alternatiewes lag hul pap!", ens. het teen die mure gepryk. Elke party wou ten alle koste die allerbelangrikste verkiesing wen!

Verkiesingstoesprake was aan die orde van die dag. Die GRAP-party het sover gegaan as om die bekende popgroep: "Roberta en die Ruk-rollers" te nooi om op te tree. Nog 'n noemenswaardige gebeurtenis was toe die NAP-minister van Finansies so meegevoer geraak het in 'n toespraak, dat haar uwe 'n meubelstuk uitmekaar geruk het.

Oral in Affieland het kiesers hulle keuse begin maak. Ondersteuners van byvoorbeeld die WAP-party het in hulle betrokkenheid met 'n pro-

minente pienk strik om die nek geloop! Uiteindelik het die dag aangebreek en kiesers moes hulle keuse maak. Kompetisie was straf en die spanning het hoogge-loop.

Uiteindelik, nadat daar herhaaldelik stemme getel is, is die stemperentasie bereken. Die groen-en-rooi NAP, met hulle realistiese Geenbeleid-Beleid het met 'n 70% meerderheid gewen. Die kiesers het weggekyk van die pienk en bont en blou en die realisme agter die storie raakgesien.

Die Nuwe Affie Party het belowe om realities voort te bou op hulle reputasie, en Affies te voer tot nuwe hoogtes.

— S Kruger (NAP-president)

Wat gebeur as die nuwe lig in jou lewe jou ou vlam ontmoet?

Die vonke spat.

Wanneer is 'n ou regtig maer?

As hy met altwee oë deur 'n sleutelgat kan kyk.

Wanneer is 'n ou werklik kort?

As hy op 'n stoel moet staan om sy kop te krap.

Lulu loop in 'n bos en 'n leeu val haar aan maar Lulu is nie bang nie, want haar ouma se mensvleis is sleg.

Musiekrubriek

'n Nuwe gier het onder die hedendaagse komponiste ontstaan. Nie net klassieke komponiste nie, maar selfs onder die nuutste Afrikaanse "rock" kom dié algemene verskynsel voor.

Kyk ons terug na werke van onder andere Beethoven, dink ons dadelik aan sy 5de Simfonie met dié bekende motief:



J Van vyftiger- en ses-tigerjare, die koning van pop, Elvis Presley se jare, waarin miljoene plate regoor die wêreld verkoop is, is nog 'n voorbeeld. Bekende temas en motiewe (kortere temas) maal gedurig in ons kop. Wat ons egter nie beseft nie, is dat alle popmusiek; ligte musiek en die sogenaamde "alternative music" nie noodwendig oorspronklike temas en wysies bevat nie. Verskeie langspeelplaatsnitte bevat temas wat hoofsaaklik "geleen" is van die eens beroemde komponiste.

Hierdie verskynsel kom in 'n groter mate voor in popmusiek of "rock". Afrikaanse ligte musiek en alternatiewe musiek, onder andere Johannes Kerkerol, is nog in die eksperimentele stadium.

Dié Renaissance in musiek hét sy voordele. Nie net herleef ons die musiek van 'n vroeëre era nie, maar ook skep dit iets nuuts wat goed op die oor val.

— Kato Odendaal

Matriekafskeid

Die hoogtepunt van elke skoolkind se skoolloopbaan is seker die aand wanneer sy van al die dinge wat deur die loop van twaalf jaar gewoonte geraak het, afskeid neem.

'n Lang twaalf jaar waarin harde banke, skooluniforms, kort naels, Franse vlegsels, boektasse en skooldragroetine tweede natuur geword het. Die matriekafskeid is die aand waarop jy finaal op 'n sosiale manier afskeid neem van al hierdie dinge, en wys dat jy nou gereed is vir die groot wêreld daarbuite.

Daar is nie nog 'n geleentheid waaroor daar so baie gepraat, gedink en gedroom word nie. Alles word oorweeg en heroorweeg: rok, metgesel, hare, ens.

Sonder die matriekafskeid het die st 9's uitgevind, is selfs st 9 'n onvolledige jaar. Van


vroeg in die jaar het die st 9's begin geld insamel vir die geleentheid. Chelsea broodjies is verkoop, warmbrakke, "smarties", sokkies, borgbrieffies en nog meer wat te veel is om op te noem!

Die ses st 9-klasse het gekompeteer vir 'n vale. Almal wou graag op die matriekafskeid bedien! Eindelik, na nege lange maande was dit tyd om te begin regmaak. St 9D het die kompetisie gewen en hulle, tesame met die standerdsraadslede en 'n

paar ander kon bedien. Om by tema, Suidsee-eilande, te pas het die bediensters, pienk rompe, en helderleurige blomme gedra en alte vrolik gelyk.

Die saal was welig versier met plante en blomme, en vrugte het die ten opgehelder. Die aand self was heerlik en opwindend. Die st 9's het hulle vergaap aan al die mooi rokke, én metgeselle. Dit was 'n aand om te onthou...

— S Kruger



Universiteit Apteek & Medisyne
Universiteit Pharmacy Depot

WINKEL/SHOP 7
HATFIELD PLAZA BURNETSSTR/ST
HATFIELD 0083 PRETORIA
Tel: (012) 43-2918/43-5216

Geopen: MAANDAG — SATERDAG
8vm — 9 nm
SONDAG EN VAKANSIE DAE
9 vm — 1 nm en
5 nm — 8 nm

Prestige Toekennings

(fotograaf: Francois Grobler)



'n Trotse Marié en Jan Pretorius by hul seun Jan-Lodewyk, hoofseun 1989, by van sy talle toekennings. Hy word bekroon met die leierskap- en ambassadeurstoekening. Jan-Lodewyk se volgehoue diens en prestasie besorg ook aan hom die Afsydigheds-trofee en hy word met volle skoolerekleure bekroon vir sy leidende rol in Affie-wees.



Ideale Affie

Die ideale Affie-trofee is aan Samuel de Beer toegeken. Die leerling wat altyd 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel het met sy: onbesproke gedrag, pligsgetrouheid, toegewydheid, lojaliteit, goeie sportmangees, nederigheid en hoflikheid. Mnr GJ en mev MA de Beer kan met reg trots wees op Samie.



Anton Beukes en sy ouers ds. en mev JC Beukes. Anton het talle toekennings en goue medaljes vir Expo-deelname ontvang. Hy ontvang ook die Buitemuurstoekening vir sy afsydige betrokkenheid in die skoolgemeenskap en Anton het ook volle skoolerekleure verwerf.



Christiaan van der Merwe het deur sy belesenheid en belangstelling in Afrikaans as een van die naaswenners in die landswye Afrikaans-olimpiade erekleure ontvang. Hy het ook die Junior Rapportryerstrofee vir beste kultuuruitbouer ontvang; die Albert Nothnagel wissel-trofee vir Afrikaans, die Beste Handhawer van Afrikaanstrofee en 'n derde goue medalje vir volgehoue prestasie.



Jac Ferreira het hom deurgaans as 'n alsydige leerling onderskei. Hy het erekleure vir atletiek en rugby ontvang en ook volle skoolerekleure vir volgehoue prestasie.



Mev RM en mnr MH Stochhoff by Werner wat deur sy leiding en deelname op verskeie gebiede in die skoolgemeenskap volle skoolerekleure verwerf het.



Tiaan Schütte en sy ouers, mnr CA en mev LHF Schütte. Tiaan het deurgaans 'n gemiddelde persentasie van bo 85% gehandhaaf. Hy het dan ook die Trofee vir die beste St 10 akademiese prestasie ontvang; die Perskor Akademiese toekening en die Akademiese Dux-skiel vir sy merkwaardige akademiese prestasie.




Tennisster, Johan de Beer, staan trots tussen sy twee grootste ondersteuners, mev Sylvia en mnr Andre de Beer. Johan is gekies vir die Junior en Senior Noord-Transvaal Tennisspan asook vir die Noord-Transvaal Skole span. Hy is tans die nommer een speler van die Suid-Afrikaanse Skole Tennispan.



Louis Herman en sy vader is met reg so trots. Louis is ook 'n verwerwer van volle skoolerekleure. Volgehoue prestasie word altyd beloon.



Gerhard du Plessis en sy ma, prof Esme du Plessis, na dat hy gehoor het hy het volle skoolkleure verwerf vir sy akademiese prestasie, leierskap en deelname aan verskeie sportsoorte.



Die Affies se Waterbok, Junior Springbok swemmer, Henry Miles en sy ouers mnr en mev CA Miles. Henry was ook die skool se swemkaptein en kaptein van die Noord-Transvaal Skole Swemspan. Hy is ook 'n kranige fotograaf en Senior Victor Ludorum in swem.



A-O JG en mev HC Potgieter, trotse ouers van Christo, Beste rugbyspeler van die Jaar. Christo ontvang ook die trofee as Belowendste Sportman van die Jaar. Hy het reeds van st 8 af die Craven-week span gehaal en het met sy puik spel ook sy plek in die Transvaal Bonde Span oorgespeel. Pottie was ook kaptein van die Rentmeesters Atletiek wenspan.




Hoofseun 1990, Paul Schutte en sy ouers mnr PMB en mev F Schutte, Paul is aangewys as die beste krieketspeler van die jaar.

Redaksie

Redakteur: Chris Steyn
Sub-redakteur: Philip Blom, Herman Stander
Kultuur: Ulrich Kotzenberg, Johan O'Kelly, Michiel Botha.
Sport: Abrie Venter, Gustav van der Westhuizen, Johan van Zyl.
Fotografe: Gustav van Rensburg, David Louw.

Redaktrise: Rachel Kruger
Sub-redaktrise: Susan Kruger
Kultuur: Mindie Rischmüller, Frances Burger, Philippa Barnard, Kato Odendaal, Denise Janse van Rensburg.
Sport: Nicola Joubert, Friedie Jacobs, Jolize van Schalkwyk
Humor: Anna-Lynne Marais, Ulla Botha.
Rubrieke: Kunsubriek: Anna-Lynne Marais
Musiekrubriek: Kato Odendaal
Probleemrubriek: Rachel Kruger
Spotprente: Ulla Botha, Cornelia de la Rey, Dorette Boshoff
Foto's: Susan Kruger
Assistente: Adine Roode, Alet Morkel, Nadia van der Walt


Ons sê Tot siens




Louis Herman — Zoll — het hom as 'n goeie redakteur en bekwame leier onderskei — Heks wou hom maar net met elke volgende Stroom-op uitgawe afdank! En dat sy groot mond nog héél is, is 'n wonder.



Anton Beukes, Dooms — het darem, afgesien van sy dooie mossiegeid, altyd sy kant as sub-redakteur gebring veral met sy sterk vermoë om werk te deleger.



Jacobus Claasen, sterk akademies, sterk sityromspeler, sterk op die kultuurberigte en sterk kwaai met die redaksievoog.




Gerald Garner sê hy het elke keer iets anders geskryf.



Andre Brand het telkens die oud-Affies weer terug in die nuus geplaas om die Affies te wys wat gedoen kan word.



Dirk Hoffman se gawe om die beste uit woorde te haal het hy goed aangevend om met ander persone die draak te steek.




Donald Klopper sal veral onthou word vir sy skrywe om die siel te voed.



Francois Naude het veral sy lyf skaars gehou by berigsyrywing maar was darem altyd eerste by die bladuitleg om sy oog oor die sake te hou en sy mooi kuif rond te gooi.




Louis Koen het die tó kort berigte gewoonlik met 'n spotprent aangevul.




Anton van Reenen se toegewyde werk tydens bladuitleg spreek boekdele.




Henry Miles moes altyd al die foto's neem wat sekere ander fotografe nie geneem het nie — anders was baie gesigte nie in die Stroom-op nie.



Louis Beukes — Pulé — altyd met 'n kamera oor die skouer net jammer ons het nie altyd die baie foto's gesien nie.



James Cross, the Presidentsverkenner, het die muurbalnuus 'verken' en net geskryf as hy lus was om te skryf.



Jasper Daniëls het as hy tyd kan vind, spotprente geteken (al kan ons baie nie plaas nie).

Johann Botha het graag ander mense verkrater met sy spotprente.

Oud-Affie van die Kwartaal

— Dr Antonie Gildenhuis —

Dr Antonie Gildenhuis is op 10 Maart 1935 te Pretoria gebore. Hy begin sy skoolloopbaan aan Pretoria-Oos Laerskool maar weens sy vader se beroep was hy ook 'n leerling van Heidelberg Volksskool en Stander-ton Middelskool. Van standerd vier tot agt was hy op Grey Kollege in Bloemfontein. Gelukkig kon hy sy standerd nege en tien jare aan Affies voltooi.

Hierdie lojale oud-Affie het reeds sy merk op universiteit gemaak waar hy uitblink het op akademiese en kulturele gebied. Hy het 'n BA-graad en daarna 'n LLB-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal. Sy leierseienskappe blyk dan ook uit die feit dat hy verkies is tot sekretaris van die Studenteraad, voorsitter van die Pro Arte-kunsvereniging en president van Exploratio, die bergklimklub. Hy maak dan ook naam deur die puik behartiging van die klank en beligting van die toneelvereniging van die universiteit.


Dr Gildenhuis het as prokureur gekwalifiseer en spoedig het hy in sy beroepsveld opgang gemaak. Hierdie hardwerkende, gemotiveerde man bekwaam hom dan ook verder deur die LLD-graad aan Unisa te verworf.

As welbekende prokureur, beklee hy onder andere die volgende posisies: Raadslid van die Prokureursorde van Transvaal, president van die Waardasiehof, en kommissaris van die Klein-eise-hof.

In 1983-1987 het 'n groot eer hom te beurt geval toe hy as professor in Bedryfsekonomie aan Unisa aangestel is. Sy kwalifikasie in die studierigting: waardevolle ondervinding!

Dr Gildenhuis is ook die ondervoorsitter van die AHS se Bestuursraad en voorsitter van die Koshuiskomitee waar hy altyd probeer om in die beste belang van die Affies te handel.

Hans (oud-Affie), Barend (matrikulant) en Anton (standerd sewe) getuig van 'n wonderlike pa en sien hom as 'n dinamiese gesinsman. Sy vrou, Elma, is ook aan al



die Affies bekend — 'n tannie wat altyd vriendelik haar kant bring en as ondervoorsitter op die Onthaalkomitee dien.

Affies is met reg trots op die oud-Affie wat weer eens bewys het dat deurstellingsvermoë, hard-

werkendheid, diensvaardigheid en selfstandigheid 'n mens ver in die lewe bring. Sy lojaliteit jeens Affies is 'n riem onder die hart. Dr Antonie Gildenhuis sal ook altyd onthou word as 'n vriendelike, eerlike en regverdige man.

— Esmé Euvrard —

In 1937 was sy 'n pionier, vandag is sy 'n aktiewe ouma wat nog steeds 'n radioprogram aanbied en tussenin was sy 'n Spaanse sangeres, moeder, vrou, aktrise en bekroonde omroepster. Tog sal sy vir almal wat haar persoonlik ontmoet dieselfde Tannie Esmé met die groot, warm hart bly.

Sy is Esmé Euvrard wat as 'n laerskoolleerling 'n "ektris" wou word. Haar positiewe antwoord op haar vriendin se vraag: "Bly jy na skool vir elokusie?" het gelei tot drama-afrigting deur Stephanie Faure en uiteindelik tot 'n loopbaan as radio-omroepster. Na haar laerskooljare by Pretoria-Oos Laerskool het sy 'n trotse Affie geword.

Maar tannie Esmé sê dat dit veral haar jaar as hoofmeisje in 1936 was waarin sy onskatbare ondervinding opgedoen het omdat sy nie net baie verantwoordelikheid gehad het nie, maar ook omdat sy verskeie opinies in aanmerking moes neem. Sy onthou die wit panama-hoede (wat hulle veronderstel was om te dra) goed, asook die gekoes vir mej Frost in die Engelse klas ("... maar daarvoor mag jy nie uitbrei nie, Nicola!") en natuurlik die deuringende blou oë van die destydse skoolhoof, mej Verster.

Sy sal nooit die tiekie-draai saam met Seunshoër, die sangklasse, Anna Bender se klavier-spel in die saal of haar voordrag voor die skool, vergeet nie. Dit was juis as sestienjarige matriekleerling by 'n kunswedstryd dat Pieter de Waal haar gevra het of sy nie in radio-uitsending belangstel nie. So het Esmé Euvrard as sewentienjarige by die pioniersinstansie, die SAUK, begin werk, maar sy het eers 'n vakansie by haar oom, Piet Grobler, in Kaapstad deurgebring. Hier het 'n ware storie begin waarvan elke persoon wat met haar gesels, hoor.

Sy was betower deur die blou-oog Portugese violspeler Gilberto Benegio, toe sy na oortuiging deur haar neef by die Del Monica restaurant ingestap het. Sy het Benegio eers persoonlik leer ken nadat sy hom in die pikdonker straat met 'n skaam "H-ello" gegroet het.

Haar ma het gou besef dat haar dogter verlief was en 'n touterkery het gevolg. Sy het gesorg dat as Gilberto in Kaapstad speel, is Esmé in Pretoria en andersom. Die rede was dat Gilberto nie net 'n buitelander was nie, maar twee en twintig jaar ouer as sy was. Boonop met 'n sterk NG Kerktadisie in die dae van die "Roomse Gevaar", was hy 'n Rooms Katoliek.

Dit was eger na 'n groot tikkie van haar ouma se wysheid dat Esmé en Gilberto getroud is toe sy een-en-twintig was. Volgens tannie Esmé was daar nog nooit so 'n verstandige liefdevolle man nie en dit is juis hy wat haar belangstelling in Spaanse musiek en dans geprikkel het. Hulle het selfs as 'n duet opgetree, sy as sangeres begelei deur hom op kitaar. Vandag is hulle seuns, 16 jaar na hul pa se dood, Raoul en Fernando asook hulle gesinne, lede van die bekende Benegio dansgroep.

Tannie Esmé is trots op die aandeel wat sy kon hê in die ontwikkeling van Afrikaans en is bly dat sy die mense trots kon maak op hul taal deur dit tot in hul woonkamers te bring. Haar bekendste programme sluit 'n program vir pasiënte "Aan die pasiënte", die program opgedra aan die Weermag "Springbokradio Rendezvous", 'n rubriek vir agt en twintig jaar saam met Jan Cronje "So

maak mens" en die eerste Afrikaanse "sepie", "Liefdeslied".

Sy het vir meer as veertig jaar "Aan die pasiënte" aangebied en vir die vyf jaar wat "Liefdeslied" uitgesaai is, het baie bedrywighede stilgestaan omdat alle na die vervolgerhaal om drieuur in die middag geluister het. Volgens Bea Reed, bekende Engelse omroepster, wat vir Esmé as "mentor" opgetree het, is Esmé se sukses te danke aan die feit dat Esmé oortuig is dat as 'n mens luisteraars nie as vriende beskou nie, is jy maar net 'n stem. Dit is juis die houding wat gelei het dat sy bekroon is deur onder andere die Ster van Suid-Afrika in 1981 vir haar bydrae tot die geesteswelsyn van ons land se troepies, wat haar "Bosmoedertjie" gedoop het.

Sy het ook toekennings van die SAUK ontvang asook oorkondes van die Weermag en Moths. Tussen die oorkondes en sertifikate pryk foto's van die twee groot liefdes in

haar lewe: haar gesin en musiek.

Sy het persoonlik getekende foto's van kunstenaars soos Julio Iglesias asook plaaslike kunstenaars en ook 'n sertifikaat van dank deur die organiseerders van die Roodepoort Eistedfodd, waarby sy al jare lank betrokke is. Vandag is sy eger op haar gelukkigste, saam met haar gesin en haar hond, en sy het baie vertrouwe in die jeug van Suid-Afrika. "Julle is fantasties en het baie inisiatief. Julle moet net koers", was haar positiewe opmerking.

Dit is seker hierdie aktiewe ouma, wat vandag nog vir Radio Orion "Esmé se musiekalbum" aanbied, se warm hart en tradisie van gee, wat soveel respek by 'n mens afdwing. Esmé Euvrard is 'n oud-Affie van formaat. Sy is amper 'n nasionale instelling, soos die beroemd-berugte Jani Allen haar beskryf. Dit was werklik 'n voorreg om met die "Grand Dame" van die eertydse Springbokradio te gesels!

Sy het ook toekennings van die SAUK ontvang asook oorkondes van die Weermag en Moths. Tussen die oorkondes en sertifikate pryk foto's van die twee groot liefdes in



Prefekoriëntering en -kamp


Wat is swart, vuil, vol vere en blink in die son? — 'n Nuwe prefek tydens oriëntering!

Redelik bek-af het die skool- en koshuisprefekte vir 1990 op Donderdag, 11 Oktober, gewapen met stroop, sand, vere en politoer by die skool aangekom vir 'n haarsny.

Aangesien daar so baie hare was wat moes waai, was die wagkamer (of is dit wagtun) redelik vol. Vir afleiding is daar toe vir klante 'n (verpligte) oefenprogram aangebied om litte los te maak.

Met die nuwe haarstyle en politoer-gesigmaskers het hulle 'n paar maal om die baan gehardloop en toe in die son gaan lê en bak terwyl Jan-Lodewyk en sy manne vir hulle gewys het hoe taai en morsig 'n mengsel van stroop sonder vere kan raak, veral wanneer jy onder meer met die verkleed moet spring en "leopard crawl".

Teen Vrydag was die nuwe prefekte darem almal weer skoon en gereed vir die kamp op die Skoolplaas. Daar is baie interessante lesings gelewer oor onder meer lei-



erskap. Vir afwisseling was daar 'n swemkuil, volleybal-wedstryd en 'n uitstappie saam met die hoof om ons inheemse bome te leer ken.

Die nuwe prefekgroep is baie dank verskuldig aan die hoof, mnr Chris Kruger en al die ander onderwysers wat saam gaan kamp het en gehelp het om van die kamp 'n reuse sukses te maak!

Affies stap 'n beter toekoms in

P Blom

Die geleentheid om na aan die ongerepte natuur te leef is 'n gebeurtenis wat die meeste van ons stadsjapies nie elke dag te beurt val nie. Met die stigting van die stapklub, het mnr A Wasserman hierdie geleentheid gebied.

Aan die begin van die jaar het die seuns 'n nuwe wapen vir die stapklub ontwerp. Dit is gedoen tussen die swem en stap deur by Dome Pools.

Net toe alles goed gegaan het, besluit mnr Wasserman om beide seuns en meisies na Die Hof te neem. Met 'n rekordgetal stappers het die gedeelde pyn en lyding van die eerste aand ligter op die skouers gevoel.

Die volgende keer vertrek hulle na die Noordelike Drakensberg. Die Wolkberg voetslaanpad bied aan ons Transvalers 'n ware uitdaging

met sy diep klowe en steil kranse, dis seker daarom dat hulle die een bergie Kruger se neus genoem het.

Gedurende die Julie-vakansie het die seuns op 'n plaas naby Thabazimbi gaan stap. Dit was die eerste keer wat die seuns tussen grootwild gestap het.

Toe trek ons Laeveld toe, Timbavati. Hierdie toer is deur die Landsdiens gereël. Van plante, diere en die Laeveld het die bewake leiers die seuns meer vertel.

Affies stap sy pad na beter toekoms in vir ons almal. Kom deel dit met ons.



Hou so aan, Biologiese klub!

1989 was weer 'n goeie jaar vir AHS se Biologiese klub. Onder leiding van mnr Deon du Plessis het die projek wat verlede jaar begin is, voortgegaan.

Vir die weinige oningelikes, die projek is 'n ekologiese studie oor Strubendam in Lynnwood Glen. Dié projek is al die afgelope twee jaar aan die gang en word volgende jaar voortgesit. Vir die persone wat daarin sal belangstel om hieraan deel te hê hou dit 'n paar voordele in. Voorbeelde hiervan is 'n rustige dag op 'n bootjie op die dam een keer per maand, as die weervoorspelling sê dit gaan reën, asook beter betrekkinge met jou Biologie onderwyser (wat soms baie nodig is).

Die harde werk van die lede het weer eens goeie vrugte afgewerp en die klub se projek het derde plek in hul afdeling op die landswye Enviro kompetisie gehad. Baie dankie aan vnr du Plessis vir 'n uiters suksesvolle jaar en sterkte aan die lede wat volgende jaar oorneem.

— André Brand

Veldskool

Het u al ooit 'n paradys op aarde gesien? Wel, AHS was so maand gelede by een.

Met die aankoms van 'n klomp Pretorianers het hulle (die organiseerders) almal gou touwys gemaak en in groepe verdeel. Voor jy kan intrek in die hutagtige bewonings, moes die bagasie eers deursoek word. Jy weet daar is "sekere mense" wat net van genietinkies hou soos ... (julle weet wat). Gedurende die week het ons allerlei interessante lesings aangehoor waarby mens in die toekoms baat sal vind. In die dag het hul jou met die program van die dag besig gehou en wie sou nou ooit kon raai dat die staatsmakers van die skool (op sportgebied) ook feilbaar kan wees. Om te dink dat slegs een van die O/15 A-span met 'n sekere hindernis die paal gehaal het, is byna onmoontlik.

Die natuurskoon was pragtig en dit het 'n groot deel uitgemaak van die kursus. Die hele week het in 'n atmosferiese stemming plaasgevind en op die ou end was veldskool nie so sleg nie.

Dankie Jesus!

deur Donald Klopper

Die afgelope jaar was 'n klein eindpunt in elkeen van ons matrieks se lewenspaai. Vroeg reeds is ons deur ons onderwysers hierop voorberei, maar nie een van ons het geweet presies hoe dit sou wees nie. Ons is ook opgevoed in 'n Christelike lewenswyse en 'n kennis dat as ons in God vertrou, ons sukses in die lewe sal behaal. Dit is wel waar, maar dan moet ons eers beseft presies waar in die lewe ons sukses wil behaal. Is dit om beroemd te wees, om suksesvolle besigheidsmense te wees, of is dit om deur Sy genade dit reg te kry om die vrugte van die Heilige Gees in ons lewens te kan uitbeeld, soos in

Galasiërs 3:22 genoem?

Dit het wel sekere waarde om in die sekulêre wêreld sukses te behaal, want dan sal die wêreld só 'n Christen eerder as 'n getuie aanvaar as iemand wat nie lyk of hy geluk in die lewe ervaar nie. As ons sê dat ons gelukkig is in ons Here, moet dit tog uit ons lewens blyk.

Ons wil al die eer aan Jesus gee vir hoe Hy ons tot dusver gelei het, en ek glo dat ons dit kan doen deur Sy wil te probeer doen, waar ons spesifiek Sy sendingsopdrag, soos staan in Matthëus 28:19, probeer uitvoer. Ons leef nie vir onself nie, maar vir ons Skepper, en alles wat ons van Hom ontvang is onverdiend, en uit genade alleen.

Kadette

Weer eens het Affies hierdie jaar 'n hoogtepunt bereik. Nie in die gebruikelike atletiek, swem, krieket en rugby nie, maar hierdie keer in die militêre sy van skool, nl kadette. Affies het 'n orkes, 'n skietspan en 'n drilpeloton vir die N Tvl-kompetisie ingeskryf.

Vroeg in die jaar het die ouens a begin oefen. Elke kadetperiode het die tromme en trompette tot vër weerklank. Die gewerskote het die hele Affies volgehang en bulderende stemme het almal laat wonder wat aangaan. Min mense, onderwysers en seuns, weet regtig wat in dié 3/4 jaar gebeur het in die kadette. Almal weet van die kadetafsluitingparade, maar niemand weet van die opofferings wat deur die kompetisie gelede gemaak is nie. Wie bekommer hom nou oor Roché se kuif of Fairbanks se stem?

Soos gesê, is baie onsmaklike ervarings en opofferings deurgemaak. Elke kadetperiode is daar gekonsentreer, gelag, gerus en wêér gekonsentreer. Gelukkig het mense soos kapt Oothuizen dinge aangenamer gemaak met die "Bok se ... hare" en "Aag! Ek het 15 kinders en loop nie so nie".

Die paar weke net voor die kompetisie, het almal ekstra hard gewerk. Die hare is gesny tot amper stoppels, né Jac. Die skoene was soos spieëls en die uniforms was nommerpas, gestryk, "gestarch" en ge-jippou.

Uiteindelik — die dag van afrekening. Agv die betrokkenheid van sekere lede by die rugby die Saterdag, het ons met vergunning, die Vrydag, 25 Augustus, opgetree. Affies het toe gewys wat in hom steek. Die skietspan het ongelukkig uitgeval, maar was nogtans goed genoeg om Affies te help om algeheel as die beste kadetafdeling gekroon te word. Die kadetorkes olv Ltn Wassenaar en tamboermajoor PJ Cilliers, het tweede

geëindig met Riaan van Zyl as tweede beste sydom-speler. Die drilpeloton het goed presteer deur algeheel tweede te eindig. Die drilfersant, Zoll Herman, het die drilfersant-kompetisie gewen. Daarmee het Affie se orkes en drilpeloton deurgedring na die finaal.

Agv omstandighede buite almal se beheer, kon Affies nie dieselfde resultate lewer nie, hoewel die orkes 'n tweede plek bepaal het. Almal was bly alles was verby. Die skietspan het ook hul kant gebring. Die junior en senior lede van die skietspan het die groepkompetisie die skole Bisley gewen. Die skietspan kon egter vanjaar net 'n derde plek in die Oos-streek behaal.

Die beste Junior Skut van die jaar was, Fritz Jansen van Rensburg. Die beste Senior skuts was Pulé Beukes en Gustav van der Westhuizen.

Affies se kadette is weer op dreef en ons sien uit na opwindende 1990 vir die kadette!

Affie(s)

Aangesien AHS Germiston ook in gedrang is, het die Oudleerlingbond gevoel ons moet ons eienaarskap verseker.

Mnr Den Oosthuizen het namens die komitee eers die naam gereserveer en toe geregistreer — sodat slegs die AHS Pretoria op die naam geregtig is.

AHS Germiston sal binnekort aldus in kennis gestel word.

LW: die naam, Affie, is amper twee-en-'n-half dekade ou, altans so vermoed ons, aangesien in die na-oorlogjare van die AHS gepraat is. Voor die verdeling in die twee verskillende skole, is die naam voluit gebruik en nie die afkorting nie.

"Affie" dui op 'n vereenselwiging/verpersoonliking met ons skool en straal die gesamentlike liefde vir en trots op ons skool uit. Dit vloei logies uit op die Affie Ideeal: die AHS sal 'n plek wees waar ons as leerlinge leerkragte, ouers en Oud-Affies ons gemeenskaplike trots, strewes en tradisies as 'n lewende monument uitbou, sodat dit vir ons en ander as 'n inspirasie dien.

— Jan Pretorius — Oud-Affie, hoofseun 1959

Suiker-kaskenades

Die Pretoria se diere-tuin vier vanjaar sy 90ste verjaardag en ter ere daarvan het die Junior Stadsraad gedurende die Oktober-vakansie suiker-kaskenades aangebied. 'n Groot klomp skoliere het daar saamgetrek terwyl die ape wat skielik nie meer die middelpunt van die aand was nie, byna histories geraak het.


Dit was groot pret en ook nie lank nie toe is almal papnat van al die gly, val en duik. Die Affiespan het ook nie op hulle laat wag nie en stof en water in die oë van 'n hele paar ander spanne geskop. Almal het die dag baie geniet en kan met reg uitsien na nog so 'n geleentheid.








Matriekafskeid 'n wonderlike tyd!



Swart aandpakke, blink nuwe rokke, pa se blink blitsige motor en 'n gewelhuis op die verhoog. Dit is 'n neutedop, was die hoofkenmerke van vanjaar se AHS matriekafskeid.

Almal het uitgesien na wat beloop het om 'n wonderlike aand te wees en dit was beslis só. Die dekor wat uit die boonste rakke en so ook die bediening en algemene optrede van die "kelters" teenoor die matrieks. (Gelukkig het die "kelters" dié keer hemde ook gedra).

Baie dankie aan die St9-komitee, hulle ma's en al die onderwysers betrokke by die organisasie en reëlings. Dit was 'n fantastiese aand, alhoewel die meeste ouens die volgende dag nie so wel by die skool gevoel het nie ... Nie een matriekulant sal dit ooit vergeet nie en namens die hele matriekgroep, weer eens baie dankie veral vir die ma's se harde werk.







Sjokoladefabriek

'n Rubriek vir meisies met probleme
— deur ROSA K ('n deskundige)

Probleem 1

Liewe Rosa K,

Dit is vir my absoluut onbegryplik dat niemand in die straat omdraai en agter my aanloop nie.

Nadat ek die advertensies van 'n bekende lyfsproei van voor tot agter bestudeer het, het ek darem gehoop om soortgelyke resultate te kry. Op die betrokke advertensie loop 'n string ouens agter die meisie aan. Hoe so dan dat ek self die lyfsproei gebruik, maar niemand agter my aanloop nie?

Dis ook nie dat ek suinig daarmee is nie, intendeel ek moet omtrent elke drie dae 'n nuwe botteltjie koop.

— Ek wonder maar net.

— Standaard sewe

Raad:

Liewe standaard sewe,

Wat belangrik is van lyfsproei is die geur. Dit mag dalk vir jou onsinnig klink, maar dit is baie belangrik om 'n geur te gebruik wat saamsmelt met die seisoen.

Dit sal byvoorbeeld heeltemal onvanpas wees om 'n geur soos "Lentebriesie" te gebruik, wanneer die wind buite bome omwaai en dit snerpand koud is.

'n Meisie wat só afsteek met haar omgewing en omstandighede sal enige ou net in die ver-

leentheid bring. Onthou ook om nie jou natuurlike reuk te smoor nie, moet tog asseblief nie 'n kannetjie in drie dae opgebruik nie — dit moet ten minste drie weke hou!

As my raad nog steeds nie vrugte afwerp nie, probeer iets nuuts. Wat van die lyfsproei wat vir die meisie 'n bos blomme verower?

— Rosa

Probleem 2

Rosa,

Hoe gemaak as my ou nooit vir my blomme gee nie? Net een ou blommetjie so elke nou en dan, nie 'n duur bos rose nie! Ek wys gedurig vir hom hoe my vriendinne met die blomme toegesgooi word.

Maar nee, skimp vang? Nie hý nie.

— Gee raad

— Liefde Blommetjie

Raad:

Liewe Blommetjie,

Alle meisies hou van blomme en wil darem so af en toe enetjie kry. Daarom sal ek vir jou baie goeie beproefde raad gee.

Begin om so subtiel as moontlik vir hom blomme aan te dra. Eers net 'n magrietjie, later twee, miskien later 'n hele bos, maar hou aan totdat hy begin vra wat aangaan.

Sê dan vir hom op jou liefiesste dat jy glo in die ou gesegde: "Doen aan ander soos jy graag aan

jouself gedoen wil hê".

As hy daarna nog steeds nie vir jou blomme gee nie, is hy definitief onherroepelik en hope-loos onromanties!

— Van 'n Roos (Latyn: Rosa)

Probleem 3

Liefste Rosa K,

Ek vra jou raad: Hoe moet ek te werk gaan om my naam te verander?

Jy sien, my naam veroorsaak baie steurnisse en ek sal regtig nie die res van my lewe met so 'n frats van 'n naam opgeskep wil sit nie.

— Liefde Andromeda

Raad:


Liefste Andromeda

Ek het vir jou raad, al is dit nie wat jy in gedagte gehad het nie. Dit is: Aanvaar jou naam.

Weet jy dat Andromeda 'n bekende figuur in die Griekse mitologie was? Sy was die pragtige meisie wie se onwrikbare trots gestraf is deur aan 'n rots vasgebind te word, om daar deur 'n seemonster verorber te word.

Is dit nie wonderlik om aan so iemand gekoppel te word nie? 'n Naam kan vreeslik klink, maar 'n pragtige betekenis hê of dit kan aanvaarbaar klink, maar iets soos skaap of bees of veroordeelde beteken.

Nee jong, Andromeda, op jou naam kan jy net trots wees. Dis my raad. — Liefde Rosa K



Hoe sal Juff Niebuhr eendag dood gaan?

Sy sal in faktore ontbind

Ek val eerder in my sop as in my rede.

Hy is so atleties gebou, sy kop is so plat soos 'n diskus.

Sy mond is so vol, jy kan nie eers sy ore sien soos wat sy kieste staan nie.

Die toppunt van spoed is wanneer jou agterwiele jou voorwiele verby vat.

Hy lag so innig dat sy ore agter sy kop teen mekaar skuur.

Wie het meer pyn as 'n kameelperd met 'n seer keel?

'n Duisendpoot met wintersvoete.




'n Dokter het 'n voorskryf in sy onleesbare skrif geskryf. Die pasiënte het dit twee jaar lank as buskaartjie gebruik, ook twee maal simfoniekonsert daarmee bygewoon, as brief van die Pous om 'n salarisverhoging by die baas te vra en om alles te

kroon, het sy dogter dit op hiermee 'n musiekbeurs die klavier gespeel en gewen.

Wat is erger as straphuis?



Isabel
Isabel who?
Is a bell necessary on a Affie-tricycle?



Standaard 6 onnies vs st 6

Mev Lombard: "Standaard Sesse, ek wi op julle staatmaak"

Mev Bosman: "Poppie, is jy by?! (Ek móet net kalm bly!)"

Mev Van Straaten: "You've twit! Go sit in the rotten row!"

Mev Du Plessis: "Ag outjies, ek weet dis nie lekker om die laaste periode te werk nie"

Mev Le Roux: "Standaard sewes, bly stil"

Mev Van Eeden: "Ag komaan julle"

Juf McLean: "Naalde en gare kan nie praat nie!"

Mev Prinsloo: "Gesiggie, ek stuur jou uit die klas uit"

Mev Tik Kruger: "Julle moet nie op julle hande kyk nie hoor, hoor nou vir my julle sal later sien hoekom ek so sê"

Mev Bodenstein: "Toe nou, outjies"

— Deur st 6D

Raad aan Onnies

- | | |
|-------------------------------|--|
| 'n Sug | : Die les raak nou regtig vervelig |
| 'n Bordskoonmaak-aanbod | : 'n Kans om bene te rek |
| 'n Neus word geblaas | : 'Seblief nie die volgende vraag nie! |
| Potlood word skerp gemaak | : 'n Onmoontlike som |
| Vee iets uit in wiskundeskrif | : Daar was nooit regtig iets nie |
| Konsentrasie op gesig | : Word daar pouse "Chelsea-buns" verkoop? |
| "Herhaal asb die vraag" | : Het die eerste keer gehoor, maar het nie 'n idee wat die antwoord is nie |
| Volle aandag | : Die onnie het lipstiftjie op haar ken |

You know it's going to be a rotten day when:

- You wake up facedown on the pavement
- You call Lifeline and they put you on "hold"
- Your birthday cake collapses from the weight of the candles
- You turn on the TV and they're showing emergency roads out of the city
- Your twin sister forgot your birthday
- Your car hooter goes off accidentally and remains stuck as you follow a group of Hells Angels on the freeway
- The bird sitting outside your window is a vulture
- You put both contact lenses in the same eye
- Your mom says "Good morning, Wayne" and your name is Greg

Indien jy twyfel oor die intellektuele vermoë van sekere van jou vriende, sit hulle deur die vyfpunt IK-toets.


Vraag:

1. Watter kleur is 'n St Bernard-hond se neus?
2. Aan watter kant is 'n koppie se oor?
3. Na watter kant moet 'n mens 'n bal gooi sodat dit na jou terugkom sonder om teen iets te bots?
4. In watter soort bottel kan 'n mens nie melk gooi nie?
5. By watter gang kan 'n mens nie ingaan nie?

Antwoorde:

1. Swart
2. Aan die buitekant
3. Op
4. In 'n vol bottel
5. By 'n uitgang

Indien 'n persoon minder as 4 uit 5 het, is sy intellektuele vermoë laer as 'n slak s'n.



Monumentpark Uitrusters

Skilpadweg 73 Monumentpark

Tel 46-8770

IS U BESTE VERSKAFFER VAN SKOOLKLERE IN DIE OOSTELIKE VOORSTEDEN VAN PRETORIA

VERSKAFFERS VAN SKOOLKLERE VIR:

Afrikaanse Hoër Seunskool
Afrikaanse Hoër Meisieskool
Hoërskool Waterkloof

Laerskool Elarduspark
Laerskool Monumentpark
Laerskool Anton van Wouw

AFSLAG

20% VIR KONTANT 15% OP KREDIETKAARTE

Affies maak weer eens skoonskip by EXPO

Tydens die finale rondte van GEC Expo 1989 het AHS weer eens die beste resultate gelewer. Uit sowat 630 inskrywings, was agt van Affies, waarvan sewe medaljes verwerf het, vier goud. Met hierdie prestasie het Affies die meeste goue medaljes ontvang, meer as enige ander hoërskool in die land.

Pulé Beukes het vir sy twee-en-'n-half jaar lange navorsing oor die Turks-ly as uitvoermiddel, 'n bronsmedalje ontvang, so ook Paul Geertsema in die Rekenaarwetenskap-afdeling. 'n Silwermedalje is toegeken aan Paul van Helden en David Butler vir hulle projek oor Opvoedkundige Sageware.

Die twee Engelbrechtbroers, Jacus (st 8) en Thys (st 10) het albei goue medaljes ontvang in die afdeling senior wiskunde. Met hierdie prestasies was hulle ook die enigste medalje-wenners in dié kategorie. Diederik de Roos, st 8, het met sy projek oor rekenaarskappings ook 'n goue medalje ontvang.

'n Standaard 10-groep bestaande uit sewe leerlinge: Anton Beukes, André Brand, Jaco du Toit, Gerald Garner, Barend Gildenhuys, Donald Klopper en Brand Smit, en Cynthia Butler van AHMP, het met hulle projek: "Tamani Rhu-lani" ook 'n goue medalje ontvang. Hierdie projek wat handel oor die Mosambiekse vlugtelinge in Gazankulu was een van die spogtake wat bo die ander uitblink het. Met 'n nagemaakte Shangaan-



Gerald Garner, Brand Smit, Jaco du Toit, Barend Gildenhuys, Cinthia Butler, Donald Klopper. Voor: Anton Beukes en Andre Brand.

hul en onder andere 'n video-onderhoud met 'n oud-Frelimosoldaat, het hierdie projek voorwaar die oog gevang. Mnr Derek Gray, nasionale voorsitter van GEC Expo, bestempel hierdie projek ook as een van die beses in die 10-jaarlang bestaan van Expo.

Affies, een van die eerste skole van Expo hoop om volgende jaar net sulke goeie verteenwoordigers na Expo te stuur.

Stroom-op wens die leerlinge wat nie tot die finale deurgedring het nie, asook Riaan Cloete wat as finalis gekies is, sterkte toe met hul voorbereidings vir volgende jaar.

Wetenskap ala Affies

GEC-Expo vir Jong Wetenskaplikes (wat in 1985 sy eerste lewenslig aanskou het) het die afgelope twee jaar deeglik bewus geword van die feit dat die wêreld van die Wetenskappe met mening deur die skoner geslag binnegeval is!

Hierdie feit word deur die prestasies van AHMP op die finaal van dié kompetisie ondersteun.

Op 14 Oktober stal vyftien bioloë, fisici en psigiaters van Affies tussen 650 ander leerlinge van regoor die Republiek in die Rautenbach-saal

van UP uit.

Die resultate was soos volg:

Bronsk medalje:

T Schoonraad.

Silwer:

K Buys, D Kruger, M Vermaak, J van der Merwe, A Angelo, S Liebenberg, R Kruger, S Kruger.

Goud:

I du Plessis, L Taute, D van Rensburg, C Butler.

Dus kan daar met trots terug gekyk word op Expo '89 en met hoë verwagtings uitgesien word na Expo 1990!

— D van Rensburg



Marius — 'n Wenner!

Dit was 'n sonnige, doodgewone skooldag, totdat die nuus begin versprei het dat een van ons Affie-ouens in 'n ongeluk was. Sy naam is Marius van Drimmelen. Drie van sy beste maats is net na skool na die HF

Verwoerd-hospitaal waar hulle hom gaan besoek het. Hy mag egter geen besoekers ontvang het nie — sy toestand was veels te ernstig. Hy was in 'n motorongeluk betrokke. 'n Motor

het hom, terwyl hy op pad huis toe was op sy fiets, van die kant af getref en hy het sy linkervoet in die slag verloor. 'n Amputasie was onafwendbaar en die operasies wat sou volg, sou hom nog maande in die hospitaal hou. 'n Geweldige slag vir 'n seun van sestien wat baie sportief was en graag atletiek deelgeneem het.

Tot almal se verbasing, het Marius terugkeer skool toe nadat hy standerd nege besonder goed geslaag het. Met deursettingsvermoë soos min, afgesien van terugslae, het hy sy matriekjaar aangepak, nog net so opgeruimd en vrolik soos altyd. Met die doelgeretheid en deursettingsvermoë wat hy getoon het, kan 'n mens nie anders as om hom te bewonder nie, hy's voorwaar 'n ou met murg in sy pype!

Hy was in 'n motorongeluk betrokke. 'n Motor

Die revue — 1989

"A Tribute to Andrew Lloyd Webber

Affies 'n sportskool — sê wie? Die revue van 1989 was soos in die verlede 'n groot sukses.

A tribute to Andrew Lloyd Webber — die tema van die revue, het groot byval gevind, en dit was duidelik dat die gehoor dit baie geniet het.

Ettiene van der Nest se vertolking van "The music of the night" was uitstekend. So ook die vertolking van "Close every door" deur Jan-Lodewyk Pretorius, Johan Vermeulen se vertolking van die verteller, saam met Jomar Barnard in Joseph and the Amazing Technicolon Dreamcoat, maar daar moet veral melding gemaak word van Robert Wilke se vertolking van Magical Mr Mistaflees.


Die een persoon wat regtig uitgesonder moet word vir sy puik begelyding, is Dirk Hoffman. Saam met sy mede orkes lede en onder die bekwaame leiding van mnr Du Plessis was die musiek 'n groot sukses.

Die dansgroep "The Cats" onder leiding van mej M van Rensburg het vir opwindende gesorg. Die

koor het ook ten spyte van 'n paar benoude oomblikke pragtig gesing en saam met die oorspronklike dekor was dit 'n baie goeie revue.

Alle eer aan mnr Du Plessis en sy mede werkers sonder wie die revue nie 'n sukses sou wees nie.

Ulrich Kotzenberg



Vriende wat nie vriende is ...

Dit is twee weke gelede al dat Gerhard Barnard sy meesterplan van stapel gestuur het, om vir hom en Luisé (wat hy heel toevallig in 1980 by die Voortrekkers ontmoet het) 'n rustige, romantiese, rumoerlose aandjie in 'n Affielose teater te organiseer.

Hy reël toe met Luisé se twee ouer, meer volwasse susters, vir wile (want sien, sy "skate board" is nie 'n tandem nie!) En bespreek toe vroegtydig twee sentrale "eilandjies" in die naamlose veiligheid van 'n see van stoele. Sy versekeringspolis word toe afgerond met: die laaste sessie in die teater die verste van

AHS af — Menlynpark.

Met 'n sug van verligting het die twee duifies nes geskrop toe die voorprente om tienuur begin draai het, en die dier wat al agt jaar lank in Gerry smeul, het hom reggemaak vir die gróóte moment!

En toe stort alles in die, toe val alles plat. Want 'n hele miljoen,

haai nee nou lieg ek, ons was net 23, Affies storm toe op die laaste oomblik die teater binne.


Arme Gerry wou nog vir Luisé beduie om dekking te slaan, toe sien ons hom! ... En bederf sy ou rustige, romantiese, Affielose aandjie of was dit nou oggend Gerry?

Gerry man, ons moet jou komplimenteer met jou asters. Lubsé is definitief 'n nooi duisend.

NS — Gerry ons weet tog jy bloos nou!
— DPS (Dead Poets Society)

Mnr Du Plessis wenner van die 1987 Eistedfodd — beste Suid-Afrikaanse sanger.

SWAPO ONTTREK SY
MAGTE UIT
SUIDWES-AFRIKA



JURIE WESSELS

Mnr Picasoo Roux oorhandig Jurie se prys vir beste sport spotprenttekenaer.



Celia Viljoen en Rentia Muller — eerste wenners van die nuwe hokkieskildes. Rentia is gekies as Beste Hokkiespeler van die Jaar vir haar deurgaanse uitstekende spel vir die eerste span en Noord-Transvaalse B-span, selfs onder uiters moeilike omstandighede. Die skild vir Beste Vordering is deur Celia gewen — sy het verlede jaar in die vyfde span gespeel en vanjaar na die tweede span gevorder waar sy ook as kapteine gekies is.

Almal in die Affie-gelidere weet teen hierdie tyd al dat AHMP se eerste en tweede hokkiespanne hierdie afgelope seisoen groot hoogtes bereik het.

Hulle moes baie hard werk en baie opofferings maak om soveel sukses te kon behaal, maar nou is daar gerugte wat die rondte doen dat hierdie spog-Affies onder leiding van mej Roelofse 'n baie ingewikkelde en hoogs gespesialiseerde program gevolg het wat 'n baie delikate balans tussen harde oefening en genotvolle ontspanning ingehou het.

Na verdere ondersoek is daar vasgestel dat die tweede deel van die program aangevul is deur twee toere, onderskeidelik na Bloemfontein en Durban, vroeër vanjaar. Die balans is egter deurentyd behou en daar moes natuurlik geoefen word ook. Verder is daar bevind dat totale ontspanning tog nie toegelaat is nie en om dit te voorkom is gebruik ge-

Hokkietoer 'n belewenis

maak van eenvoudige apparaat soos stukkende kombi's en "slides".

Die Bloemfontein-toer het tydens die Aprilvakansie plaasgevind waar hierdie groep Affies weer eens hul staal gewys het, maar dit was (volgens die twee spanne) egter die Natal-toer gedurende die Julie-vakansie wat die kroon gespan het. Hulle is vergesel deur mev Raath en mej Roelofse en het in Durban oorgebly in Hedwig Venter se ouers se strandhuis. Hulle het gedans, rugby gespeel op die strand, middernagtelike swemkspedisië onderneem en "eksklusiewe" restaurante besoek wat spesialiseer in kerrie-

eier, kerrievis sowel as "steak en chips" (vir R3,50). Natuurlik moes die pretpark ook besoek word en dit is hier waar hulle kennis gemaak het met Die Skip.

Die vertrekdatum is met 'n dag uitgestel en op die laaste aand is daar konsert gehou met 'n nommertjie van die twee dames as hoogtepunt. OP die terugtog is daar styf duim vasgehou aangesien Dick-motors en die vier vriendelike ooms wat die kombi letterlik op die hande gedra het, nie meer bereikbaar was nie. Alles het egter glad verloop, hulle ouers kon hulle moeg maar veilig by die skool ontvang.



Raleen Theron (links) en Minette Combrink (regs), nommers 2 en 1 onderskeidelik, in aksie.

AHMP tennis skitter!

1989 was weer 'n jaar waarin AHMP se tennis uitglans het!



Helanie van Deventer het saam met Nico van der Walt die Technikon se Standardbanktrofee gewen.

In die semi-finaal het die twee Affies gewen teen Die Wilgers en in die finaal het hulle vir Menlopark met 8-1 verslaan.

Die eerste span het deurgedring tot die finaal

van Transvaal in die Hyperama-toernooi. Hulle het ook die gemengde liga gewen, en tweede gekom in die dogtersliga.

Die tweede span het ook hulle liga gewen, terwyl die derde span tweede gekom het en die vierde span derde gekom het in die C-liga.



Voorwaarts ... Mars!!

Al ooit sewe-uur op 'n Saterdagoggend by die skool gestaan om te marsjeer? Vyf en twintig dogters en hulle onderwyseres het dit gedoen vir oefening. Hulle planne was om Affies se eerste drilpeloton te stig en geskiedenis te maak. Dit was harde werk — elke middag 'n uur of twee na skool.

En toe breek die laaste week aan. Dit was some insit, keppies was, dasse knoop, hemde stryk en

skoene skoonmaak — nie sommer skoonmaak nie, maar op die Weermagmanier skoonmaak.

Die 26ste Augustus het al nader gekom ... die spanning het hoog geloop. Vyfuur die Saterdagoggend sit 23 benoude dogters, 'n benoude onderwyseres en 'n paar ewe benoude ma's en susters op hete kole by die skool en wag vir die twee wat verslaap het. Gelukkig het hulle betyds opgedaag!

Hulle dril vir 'n vale en uiteindelik is hulle klaar. Die uitslag? Hul drilser-sant het 'n tweede plek behaal in die afdeling Beste Drilser-sant vir Dogters, met inspeksie het hulle derde gekom en met die dril self behaal hulle 'n vierde plek.

Ten spyte van al die oefen en soms kla het hulle dit baie geniet en sal hulle volgende jaar weer aanmeld.

Maar vir nou eers "Uit...tree!!!"

Opwindende netbalseisoen vir '89

Na afloop van 'n opwindende netbalseisoen volg 'n opsomming van die hoogten laagtepunte.

Eerstens het Stefanie en Riana van Vuuren N-Tvl kleure verwerf. Dit is voorwaar 'n buitengewone goeie prestasie.

Ook die o/13 A en B spanne wat as wenners aan die A-bond uit die stryd getree het, het daartoe bygedra om hierdie jaar se netbal iets besonder te maak. Die o/13 A's het ook verder gegaan


en is eers tydens die halfindronde van die liga uitgeskakel.

Laagtepunte? Nee, daar was nie eintlik veel nie, behalwe 'n nederlagie van 50-2 so hier en daar, maar mens kan mos nie ALTYD wen nie!

Die seisoen is afgesluit met 'n interstanderdkompetisie. Die eerste span moes teen die ge-

dukte — of moet ek sê — berugte span van die onderwyseresse te staan kom. Na veertig minute se hard speel én hard verkul, het die onderwyseresse met 11-10 as wenners uit die stryd getree. (Natuurlik is die uitslag óók gedokter!)

Ten slotte, die slagspreek vir Netbal '90: In netbal 'Buhr' ons vooruit!



Hatfield Cycles

Die huis van Chiselli fietse — die fiets met 'n lewenslange waarborg op raamwerk en vurk.

Verspreiders van die nuwe Sancini fiets wat deur die SA Weermag Fietsryspan gery word.

— Volledige reeks bergfietse beskikbaar

Ook voorsieners van
ALPINE, BENINO
BIANCHI, HANSORA,
LE JEUNE FIETSE

UITRUSTINGS ○ SKOENE ○ VALHELMS

HATFIELD PLAZA, BURNETTSTRAAT
HATFIELD ● TEL (012) 43-5377

Fietsryers kraai koning

Op 26 Augustus het die Affie-fietsryers hulself as een van die grootste kragte in Pretoria bewys.

Die "Pretoria News Inter Schools Cycle Challenge" was 'n eerste vir Pretoria. Dit het by die Zwartkops renbaan plaasgevind. Elke span het bestaan uit vier fietsryers en 'n hardloper. So wat 2,5 km is deur 'n fietsryer afgelê, waarna hy 'n band aan die hardloper oorhandig het, wat dit sowat 80 m ver na die volgende ryer moes dra. Die doel van die kompetisie was om soveel rondtes as moontlik in 'n tydperk van twee uur te voltooi.

Affies het vyf spanne vir die kompetisie ingeskryf. Die A-span wat bestaan het uit: Martin Schwertfeger, Louis Greef, Ryan van Heerden, Arno Botha en Kobus Ferreira (hardloper) het die besondere prestasie behaal om 'n algehele tweede plek in te neem. As 'n mens in ag

neem dat die wenspan van Sutherland High se fietsryers almal provinsiale fietsryers was en dat die spanne van Boys High en Menlopark, wat onderskeidelik derde en vierde was, verskeie Noord-Transvaalse jaers ingesluit het, besef 'n mens die omvang van die besondere prestasie.

Affies se spangees en samelewing was opvallend deur die loop van die kompetisie. Een van die beamptes het met reg opgemerk dat die goeie spanwerk van die Affies hulle in staat gestel om met die sogenaamde "beter" spanne af te reken.

Alhoewel dit die eerste kompetisie van sy soort was, het dit tog groot belangstelling uitgelok. Mag dit ook 'n jaarlikse instelling word.

Mnr H Kotze



Affie gholf staan sterk

Gedurende die kort, maar welkome Oktobervakansie het 'n span van Affies weer hul staal op die gholfbaan gewys. Die geleentheid was die gholfkompetisie om die Direkteurstrofee wat vanaf 2 tot 4 Oktober by die Hoërskool Vereniging aangebied is. Nie alleen het die span onder die eerste vyf skole geëindig nie, maar hul kaptein, Tommy Symons, het as derde beste speler van die byeenkoms uit die stryd getree.

Met hul aankoms op 2 Oktober, het die span, bestaande uit Tommy Symons (kapit), Nico Kruger, Eugene Botha en Charl Shires en mnr Potgieter as afrigter, kans gekry om 'n oefenronde te voltooi. Nieteenstaande die feit dat daar 'n stormsterk wind gewaai het, het Tommy reeds vroeg afgeskop met 'n ronde van 76.

Die volgende dag het

nog 36 puntjies op die seuns gewag en Tommy het weer met 'n 76 vorendag gekom. Dit was egter op die 18 puntjies van die laaste dag wat Affies regtig hul staal gewys het om onder die eerste vyf skole te eindig.

Ons is trots op die seuns wat weer die voortou neem met so 'n stimulerende sportsoort — die "gentelmen's" spel.

Affies se krieketitblinders in verteenwoordigende spanne

Die afgelope krieketseisoen het drie seuns van Affies verteenwoordigende krieket gespeel op provinsiale vlak. Paul Schutte is gekies vir die Noord-Transvaalse Afrikaanse Hoërskole, terwyl Jaco Purchase vir dieselfde vereniging se o/15-span gespeel het. Phillip Roesch het vir die Noord-Transvaalse Afrikaanse Hoërskole se o/15½-span gespeel in die superliga. Al drie hierdie seuns het dan ook uitstekend presteer in hierdie spanne.

Paul Schutte het as kolwer uitblink tydens die Oktoberweek in Potchefstroom deur tellings te behaal van 57,63 en 28 n.u.m. Na die week is hy ook deur die spanbestuurder geloof as dié vonds van 'n span wat op en van die veld af groot lof ingeoes het. Paul is daarna gekies as lid van 'n gekombineerde span, maar moes hom ongelukkig onttrek as gevolg van persoonlike redes. Ook Jaco Purchase het met die kolf uitblink tydens die Oktoberweek vir o/15-spanne. Hy teken tellings aan

van 31, 36, 43 en 11, en word uitgesonder as een van die beste kolwers in die span. Aan die einde van die week is Jaco gekies vir 'n gekombineerde span uit die Transvaalse Afrikaanse Bonde om teen 'n o319-span te speel.

Phillip Roesch het in die superliga met die kolf presteer deur onderskeidelik 47, 44 en 66 lopies aan te teken. Daarna is hy aangewys as kaptein van die Noord-Transvaalse o/15½-span (die Engelse skole se spelers ingesluit). Met hierdie prestasie verdien Phillip erekleure vir krieket.

Affies kyk met groot verwagting uit na die verdere loopbane van hierdie drie belowende spelers.

Affies onderwyser stoei sy pad oop vir Springbokkleure

Mnr Voges, gevreesde ekonomie onderwyser, het op 14 Oktober, na 'n lang afwesigheid uit die stoeiwêreld as gevolg van beserings, die SA Seniorskampioenskappe gewen. Dit is die nuutste oorwinning in 'n kleurrike loopbaan wat al van 1978 strek.

In 1978 het mnr Voges vir die eerste keer Springbokkleure verwerf en het dit sedertdien nog nege


keer reggekry en het al drie oorsese toere meegemaak. Hy beskou egter sy hoogste prestasie as dié Staatspresident Merie toekeuring wat aan hom oorhandig is.

Met sy oorwinning het

mnr Voges sy hertoetreding tot stoei gemaak. Hy hoop om weer Springbokkleure te verwerf.

Namens Stroom-op, baie sterkte vir 'n kleurvolle toekoms.

— D Hoffmann



St 9-Bivak

'n Begeesterde st 9-groep, het die naweek van 20-22 Oktober op Bivak gegaan.

Geesdriftig en volmoed het hulle die Vrydag om agtuur, vanaf die skool vertrek. Anderkant aangekom, het hul stemming verander in 'n pikswart donderwolk. Om alles te kroon, moes 'n paar "gelukkige" manne, toiletgeriewe met 'n pik en graaf uitspit. Afgesien daarvan, was die Vrydag heel rustig.

Die Saterdagoggend is die koue lywe om vyfuur uit die vere gelig. 'n Halfuur later, ná L.O., het almal met natgeswete gesigte hul ontbyt geniet.

Sinvolheid

Die Kadetbivak bied aan elke seun die geleentheid om saam met medeleerlinge 'n bietjie meer te leer van die Weermagopset. Die doel van die Bivak is dan ook om aan die leerlinge praktiese onderrig te gee in sekere aspekte waarvoor daar tydens die skool se kadetperiodes nie tyd is nie.

Deur die loop van die dag was daar heelwat lesings — hoe om soos 'n siener te werk en hoe om te "leopardcrwal" en katjiekruip tot in hopies beesmis. Later die middag is daar skynaanvalle met die manjifieke "iewendige" houtgewere.

Die aand is daar lekker vleis gebraa en toe is dit moeg en seer bed toe. Die Sondagoggend was dit weer vyfuur opstaan. Vinnig is daar opgepak, want almal het daarna uitgesien om weer in die beskawing te wees en vir 'liefie' styf vas te druk op Sunnypark se hoek. En niks is wonderliker as 'n eie kamer, 'n eie bed na Ma se lekker kos nie ...

Die atmosfeer bly regdeur ontspanne en is nie streng militêr nie. Daar word gestreef na maksimum deelname deur elke leerling. So word die leiers gedurig gewissel om aan almal 'n beurt te gee "om in beheer te wees". Die Bivak is beslis 'n sinvolle uitstaptydens die skool se kadetperiodes nie tyd is nie.

— Lt L Swart

Wie's wie ...

Mnr Kruger
Mnr Myburgh
Mnr Fris Krüger
Mnr v Rooyen
Dr Edwards

Mnr Oosthuizen
Mnr Swan en Jannie
Mnr Visagie
Mnr Benade en Nel

Head of Class
The Best of Times
Major League

Hear no evil, see no evil

Gleaming the Cube
Like father, like son
Big Blue
Dream Team

Judo — N Tvl.

Die vier seuns op die foto is van links na regs: Igmon Becker, Graham Esterhuizen, Jaco Becker en André Esterhuizen. Al vier het Noord Transvaal verteenwoordig op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vir Judo.



André het tweede plek behaal en Jaco vierde plek in Jaco is ook as kaptein vir die B-span gekies.

Al vier seuns het ook al verskeie kere Noord-Transvaalkleure ontvang vir Amateur stoei en het

ook goue, silwer en brons medaljes op Suid-Afrikaanse kampioenskappe vir Amateur stoei ontvang.

Graham blink ook uit op die atletiekveld. Sy tyd as o/14 vir die 100 m was 12,1 sek. Igmon het ook Noord-Transvaalse kleure as landloper verwerf.

Mnr Marius Voges en Igmon sal as Noord-Transvaalse Kampioene deelneem aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe gedurende Oktober.



Die dag toe juffrou Botha ...

* (Ek is Eleanor, en ek soek MELK)

Atlete wys hul slag

Terwyl die rugbyseisoen aan die gang was, het 'n paar Affies besluit: "Hierdie jaar oefen ons nêr atletiek". Daar is positief met 'n baie taai winterprogram begin en die manne het amper elke dag bloed, sweet, tranes en ... gesweet tot op die groen bane by die bulte.

Vandat die seisoen in September begin het, het hulle ook gou getoon dat 'n mens met baie harde werk skitterende resultate kan verkry: Ags hul prestasies in die voorseisoen, is hulle ingesluit in die N

Tvl Junior-Aletiek wat gaan deelneem aan twee belangrike byeenkomste. Kobus Ferreira, Jacques Ferreira, John-Paul van


As en Erasmus Theron het aan die Saambou Elite byeenkoms in Sa-

solburg gaan deelneem waar die beste juniors in die land verteenwoordig is. Kobus Ferreira wen die 400m vir SO/19 met 'n tyd van 48,92 en teken in die proses af met die SA-Kampioen. Jacques Ferreira behaal 'n baie goeie derde plek met 'n tyd van 53,3.

Die provinsiale byeenkoms word gehou op 21 Oktober by die Herman Immelman stadion te Germiston.


N Tvl-Kleurverwerwers

Martin Plews vs O/17
Braam Visser 400m H O/19
Kobus Ferreira 200/400 O/19
Erasmus Theron 100/200 O/19
Helmut Habeck vs O/19
John-Paul van As PS O/17
Jacques Ferreira 800m O/19
John du Plessis 800m O/19
Mias du Plessis GS/SW O/17
Rudy Gunter Landloop O/15



Sportvrou van die kwartaal — Riani Hattingh —

Ons sportvrou van die kwartaal is Riani Hattingh — alreeds drie jaar lank 'n Springbok in tuimelgimnastiek.



Riani het reeds op vierjarige ouderdom met gimnastiek begin, maar het drie jaar terug na tuimelorgeslaan. Binne 'n ver-

basende kort tyd het sy haar Springbokkleure verwerf. Gedurende 1989 het 'n oorsese gimnastiekspan plaaslik kom

hierdie jaar op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe vier silwer en een goue medaljes verower. Hierdie is maar egter net die begin van Riani se prestasies. Riani is ook 'n afrigter by haar klub, die Henk van Niekerk tuimelskool en sy is ook 'n nasionale beoordelaar.

Riani is nie die enigste gimnas uit haar gesin nie. Haar ouer suster het Noord-Transvaal kleure vir gimnastiek verwerf en haar kleinsussie is ook Noord-Transvaalse tuimelgimnas.

Riani wil egter nie 'n loopbaan in gimnastiek volg nie. Sy beplan om volgende jaar kuns by Tuks te gaan studeer. Haar gimnastiek gaan nie vergete bly nie. Aanstaaende jaar gaan Riani as deel van 'n Springbokspan in Duitsland toer. Riani wil op dié internasionale byeenkoms graag 'n goue medalje inpalm.


Affies wil graag hierdie blink gimnas sterkte toewens vir haar loopbaan en stokperdjie — mag jou toekoms net tot hoër hoogtes lei.

— Phillipa Barnard

toer. Daar het Riani haar vernuf getoon deur een silwer en een goue medalje te verower.

Sy het ook gedurende

Die laaste Sokkie, of is dit?



Dis te ver om te ry!

Maandagmôre ... Net soos elke oggend stap ek deur die booghek en verby die sirkel. Ek loop maar koes-koes vir die onnies wat soos 'n wafferse Sarel van der Merwe om die Affie- 'se gejaag kom, maar hier voor my sien ek 'n ander gedoente ...

Kan dit wees? Ja so waar! Dit is mnr Theron op 'n fiets, en nogal een sonder oefenwielletjies!

Eers was dit mnr Van Tonder toe mnr Oosthuizen en nou mnr Theron. Ja seuns, dit het nou mode onder die koshuisonderwysers geword om hulle weg, voor en na skooltyd op die terrein te vind om vinnig af na Frank le Roux te stap om iets met mnr Wasenaar te bespreek, word nie eens aan gedink nie. Nee, ek gryp sommer gou my tweewiel, een-manaangedrewe-yster, en binne 'n halfminuut, is ek daar.

Die enigste twee persone wat ook op die skoolterrein woon en nie aan die aktiwiteit deelneem nie, is die Hoof en Oom Karel Heinz Venter. Dalk moet daar 'n plan gemaak word ...


Hoe sal die Hoof lyk

op 'n Bomber met 'n hondekarretjie agteraan en oom Karel-Heinz op 'n Bergfiets met 'n Venter-sleepwaentjie en 'n 'sidecar' vir Spike, dit is mos veel makliker as om te stap en baie makliker om mee rond te ry as met 'n trokkie.

As daar nie versigtig oor die saak nagedink

word nie, kan dit die Affie- ouers dalk nog 'n paar sente kos, vir 'n aanbou van nog 'n fietsloots.

So seuns as julle volgende keer op so 'n gedoente afkom; glimlag en laat hom verby gaan. Hy is maar ook 'n mens met probleme en 'n oplossing!



Affies se o/15's kraai koning

Phillip Blom

Napoleon se woorde "n Weermag marsjeer op sy maag" kan op hierdie kragtige span van toepassing gemaak word. Gee hierdie span 'n rugbybal, enige 15 spelers en 'n rugbyveld. Wat maak hulle? Hulle stuur die bal na die vleuels wat drieë druk, maak maalvleis van hulle opponente en verlaat die veld weer eens as oorwinnaars.



Dié wenspan met hul afrigter, mnr Poerie van Rooyen, wat ook bekroon is as die Noord-Transvaal Skole Afrigter van die Jaar vir die junior spanne. Mnr Kruger, die hoof se sterk leiding het ook tot die span se oorwinning bygedra.

Wat's Van der Merwe se idee van 'n sewegang maaltyd?

'n Hamburger en 'n sixpack.



Sportman van die kwartaal — Kobus Ferreira —

Die stil, sterk Kobus Ferreira het die afgelope paar jaar die spykerspore op die atletiekbane ingetrap.

Kobus se atletiekloopbaan het reeds in die laerskool begin, toe hy in st 4 en 5 vir die Noord-Transvaal Junior Atletiekspan gekies is. Dié mannetjie het toe al 'n sesde plek losgehardloop.

Gedurende 1986, as st 7-leerling, het Kobus weer eens 'n hoogtepunt bereik toe hy die 200 m vir seuns o/15 op die Noord-Transvaalse atletiekkampioenskappe gewen het. 'n Besering het hom tydelik buite aksie gestel maar Kobus is iemand wat hom nie laat onderkry nie.

Talle hoogtepunte word in 1989 behaal. Hy

is vir die Noord-Transvaal Atletiekspan gekies om aan die Saambou Elite Byeenkoms deel te neem waar Kobus 'n eerste plek in die 400 m en 'n tweede plek in die aflos, seuns o/19 behaal. Ook word Kobus vir die Noord-Transvaalspan vir die Internasionale byeenkoms gekies en hy toe 'n eerste plek in die 400 m en 'n tweede plek in die 200 m kry.

Kobus se toekomsdeaal is om die beste 400 m atleet in Suid-Afrika te wees. Met sy deursettingsvermoë en volgehoue oefening behoort hy dié ideaal te verwesenlik.

Die nederige wenner skryf sy sukses toe aan sy puik afrigters: mnr Henne Kotze en Danie Ferreira (sy pa). Sy ma se ondersteuning is ook 'n aansporing en hy glo sy sukses lê ook in sy geloofsvertroue.

Kobus het tot op o/15-vlak rugby gespeel en is ook 'n geesdriftige fietsryer.

Die Stroom-op redaksie glo hul gaan beslis nog baie van Kobus in die toekoms hoor.



Eerste span-aksie: "vas vat boys". 'n Laagvat deur Jan-Lodewyk. (foto graaf G v Rooyen).